

Alandia
Posbus 261
Hopetown
10 Sept 2008

Pieter Maritz
Diatoms Organiese Dieregesondheid
Deben
Geagte Pieter

I/S WAARNEMINGS OOR DIATOMIET

Hierdie verslag oor die gebruik van diatomiet by skape handel slegs oor my persoonlike waarnemings, en is geen wetenskaplike bewys aangesien geen kontrolegroepe gebruik is nie.

In die verlede moes op gereelde basis gebruik gemaak word van verskillende chemiese antelmintiese groepe in die bestryding van inwendige parasiet infestasies waarvan haarwurms die belangrikste is.

Aan die einde van Augustus 2006 is die skape met Cydectin inspuitbaar behandel.

Vanaf September 2006 is SLEGS Diatomiet as natuurlike antelmintiese produk teen 'n 5% volumetriese konsentrasie in die skaaplek ingemeng.

WAARNEMINGS AANGAANDE INTERNE PARASIETE NA SEPT 2006:

- Op 22 Januarie 2007 is verteenwoordigende monsters by die Bloemfontein Veterinêre Laboratorium laat toets, en geen inwendige parasiet eiers kon opgespoor word nie.
- In Mei 2007 is weer mismonsters te Hopetown laat toets en geen parasiet eiers kon gevind word nie.
- Op 16 Oktober 2007 is weer toetse by die lab. in Bloemfontein laat doen waar slegs Moniezia sp. by die lammers sigbaar was.
- Aan die einde van November 2007 is mismonster getoets te Hopetown en effens te veel haarwurm eiers was teenwoordig. Die rede hiervoor mag wees dat die skape minder lek ingeneem het as gevolg van lentereën in September. Die skape is hierna vir haarwurm doseer.
- Voor diatomiet gebruik is, was 60% van skape wat vir eie gebruik geslag is se lewers besmet met lewerlintwurm. Tot huidiglik is geen lewer met lewerlintwurmbesmetting geslag nie.

- Vanaf November 2007 tot einde Augustus 2008 is geen haarwurm tydens gereelde slagtings in die melkpens opgespoor nie.

MY GEVOLGTREKKING:

Uit bostaande beskou ek diatomiet as 'n waardige alternatief/afwisseling vir chemiese antelmintiese groepe waarvoor die inwendige parasiete vir die meeste groepe al interne weerstand opgebou het.

WAARNEMINGS AANGAANDE DIE KONDISIE VAN SKAPE:

Uit die onderstaande tabel A wil dit voorkom asof daar 'n klein verbetering tussen die kondisie van lammers wat chemies behandel, 1 Sep2005 tot 31 Aug 2006, en lammers wat byna slegs Diatomiet aanvullings gekry het is.

Geen lammers is afgerond nie, en is slegs van hul moeders gevang indien 39 kg bereik is.

Aangesien 'n kontrolegroep asook vergelykings nie getoets is nie, kon groeitempo nie vergelyk word nie,

TABEL A

JAAR	A0	A1	A2,3	A4,5,6
1 Sept 2005 31 Aug 2006	0%	7,8%	89,5 %	2,7%
1 Sept 2006 31 Aug 2007	0%	2,2%	93,8%	4%
1 Sept 2007 31 Aug 2008	0%	0,2%	83,8%	16%

WAARNEMINGS OOR VRUGBAARHEID:

Om verskille in vrugbaarheid te bepaal moes toetse met en sonder diatomiet gelyktydig gedoen gewees het, aangesien klimaat en reënvaltoestande asook veldgehalte en roofdierbedrywighede drasties met tyd verskil.

Onderstaande tabel B toon egter die % lammers geslag uitgedruk teen die aantal ooie aangehou vir twee jaar waar slegs chemiese anthelmintiese groepe gebruik is, in vergelyking met twee opeenvolgende jare waar hoofsaaklik slegs diatomiet gebruik is.

TABEL B

Datum	2004/2005	2005/2006	2006/2007	2007/2008
% lammers verkoop teen ooie aangehou	101%	108%	105%	107%

GEVOLGTREKKING:

Bostaande inligting is 'n aanduiding dat die gebruik van diatomiet, en ander chemiese middels wel vergelykbaar is wat vrugbaarheid en groei betref.

Groete
Schalk Koekemoer.